# Les 1

**1. Die Seekoei-boek – bl 1**

   a. Lees die feite oor seekoeie in die *Het jy geweet?* blokkie
   b. Kyk na die foto en die titel van die gedig, en raai waaroor die gedig gaan
   c. Luister na die gedig
   d. Lees die gedig hardop saam
   e. Beantwoord die begripsvrae en vrae oor rymwoorde eers mondelings
   f. Teken jou eie seekoei en skryf die liggaamsdele by
   g. Skryf in jou boek:
      i. Teenoorgesteldes: mak / wild
      ii. Rymwoorde

**2. Die Seekoei-boek – bl 2-5**

   a. Lees die woorde vir die prentjies
   b. Doen die woordeskat aktiwiteit ter voorbereiding vir die storie mondelings
   c. Kyk na die titel en die prentjies op bl 3-5 en voorspel waaroor ons gaan lees
   d. Volg die prentjies terwyl jy na die storie luister
   e. Lees nou die storie hardop, met gevoel saam
   f. Hervertel die storie
   g. Sê of jy van die storie gehou het of nie, en hoekom jy so sê

# Les 2

**1. Leerdersboek – bl 2-3**

   a. Kyk na die fotos op bl 2 en sê hoe die kinders voel

   b. Volg die instruksies op bl 3 – Praat oor emosies

   c. Skryf in jou boek:
      i. Sinonieme (bl3)

**2. Leerdersboek – bl 4**

   a. Voltooi die oefeninge eers mondelings
   b. Skryf in jou boek: Trappe van vergelyking (D)
   c. Skryf die sinne (B en C) oor

**3. Maak 'n plakkaat – Leerdersboek bl 5**

   a. Volg die instruksies op bladsy 5 om 'n plakkaat op te stel

   b. Onthou om baie moeite te doen met jou plakkaat!

# Les 3

1. **Leerdersboek – bl 6**
   a. Lees die titel en kyk na die prentjies.
   b. Voorspel wat in die sprokie gaan gebeur
   c. Luister na die sprokie
      i. Maak aantekeninge oor die karakters en hulle emosies
   d. Lees nou die sprokie self hardop
   e. Woorde kan in oop lettergrepe en toe lettergrepe opgebreek word. 'n **Oop lettergreep** eindig op 'n **vokaal**, en 'n **toe lettergreep** eindig op 'n **konsonant**:
      i. **Bok** is 'n toe lettergreep met 'n kort klank. Dit eindig met 'n konsonant. In die meervoud verdubbel die **k** om die klank kort te hou, bv. **bokke**
      ii. **Boom** is 'n toe lettergreep met 'n lang klank. In die meervoud verval die een **o** om die lang klank te hou, bv. bo – me
      **Bo-** en –**me** is oop lettergrepe, want dit eindig op 'n vokaal

2. **Leerdersboek – bl 7 – Formele Assesseringstaak**
   a. Luister en praat oor 'n storie
      i. Uitspraak, begrip en hervertel van die storie word uit 10 geassesseer
   b. Onthou: Samestellings word as een woord geskryf
   c. Lees die teks in die blokkie *Het jy geweet?*

3. **Leerdersboek – bl 8 - Formele Assesseringstaak**
   a. Beantwoord die vrae oor die sprokie skriftelik
   b. Daar is 'n morele boodskap in die storie: Dit was nie reg dat die bok nie betaal het nie! Dit was ook nie reg dat die taxibestuurder met die hond se kleingeld weggery het nie! (Dit is steel)

4. **Skryf in jou boek:**
   a. Lettergrepe (bl 6)
   b. Samestellings (bl7)

# Les 4

1. **Leerdersboek – bl 9**
   a. Dramatiseer die storie
      i. Kies twee of drie karakters wie se woorde jy gaan lees

2. **Leerdersboek – bl 10**
   a. Leer hoe om kopkaarte op te stel
   b. (bl 11) – skryf jou eie storie (stel eers 'n kopkaart op)

3. **Leerdersboek – bl 11 – Formele Assesseringstaak (mondelingse opdrag)**
   a. Soek en lees 'n resensie oor 'n boek in koerante en tydskrifte, of lees 'n kort storie en bespreek dit

# Les 5

1. **Leerdersboek – bl 12**
    a. Pret met taal – Doen die oefening eers mondelings en dan skriftelik
    b. Skryf die massaname en versamelname in jou notaboek
    c. Leer die volgende idiome en skryf hulle neer:
        i. Elke hond kry sy dag – elkeen kry sy dag van hartseer of geluk
        ii. Moenie slapende honde wakker maak nie – bly liewer stil oor dinge wat tot argumente kan lei

2. **Leerdersboek – bl 13**
    a. Leer die rympies uit jou kop
    b. Voer die twee rympies op:
        i. Wanneer jy die rympie oor ***bly*** opvoer, maak of jy lag, sing, dans en spring – jy moet gelukkig lyk
        ii. Wanneer jy die rympie oor ***kwaad*** opvoer, moet jy maak of jy kwaad is
    c. Beantwoord die twee vragies onderaan die bladsy mondelings

# Les 6

1. **Leerdersboek – bl 14**
    a. Diktee
        i. Luister na die sin en skryf dit neer.
        ii. Vergelyk nou die sin in jou boek met die een wat jy neergeskryf het, en maak enige foute reg
    b. Soeklees
        i. Lees die woorde by die vier karakters hardop.
        ii. Soek die karakters op die tabel.
    c. Blokkiesraaisel
        i. Voltooi die blokkiesraaisel mondelings

2. **Leerdersboek – bl 14 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die hersieningsoefening soos 'n toets (op jou eie)
    b. Skryf in jou boek:
        i. Skryf die antwoorde waarmee jy gesukkel het reg in jou boek

3. **Die Seekoei-boek – bl 2 - Persoonlike woordeboek**
    a. Verdeel twee bladsye in 8 ewe groot blokke elk
    b. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
    c. Skryf die woorde in alfabetiese volgorde neer
    d. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
    e. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek **in groen** neer
    f. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
    g. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

# Les 7

1. **Dagboekinskrywing of gediggie (jy kan kies)**
   a. **Dagboek**
      i. Het jy al ooit 'n dagboek gehou en jou gevoelens neergeskryf?
      ii. Skryf oor **vier** verskillende **emosies** (gevoelens) wat jy al ervaar het. Sê hoekom jy so gevoel het.
      iii. Lees deur jou dagboekinskrywing, verander enige foute wat jy dalk gemaak het, en skryf dit netjies oor

   b. **Gedig**
      i. Lees die volgende gediggies, en skryf dan jou eie gedig oor jou gevoelens. Teken 'n prent by as jy wil.

**Pyn**
Pyn is swart.
Dit proe soos gif.
Dit ruik soos rook
en lyk soos 'n afgebrande huis.
*Riku (13)*

**Vreugde**
Vreugde is baie kleure.
Dit proe soos soet smarties
en ruik soos stroop
Dit lyk soos laggende gesiggies.
*Mansu (12)*

      ii. Kies eers 'n woord uit die blokkie wat 'n emosie is. Dit is die titel van jou gediggie:

| Vreugde, vrees (om bang te wees), hartseer, pyn, liefde, geluk, haat |
|---|

      iii. Skryf jou gediggie. Voltooi die raam as jy wil:

| **Die titel:** | **Die gevoel** | |
|---|---|---|
| Reël 1 | Watter kleur is die gevoel? | Dit voel soos… |
| Reël 2 | Hoe proe dit? | Dit proe soos… |
| Reël 3 | Hoe ruik dit? | Dit ruik soos… |
| Reël 4 | Hoe lyk dit? | Dit lyk soos… |

# Les 8

1. **Die Seekoei-boek – bl 6-9**
   a. Rollees: Kies 'n karakter wie se woorde jy gaan lees
   b. Beantwoord die vrae op bladsy 7
   c. Sing lawwe liedjies en beantwoord die vragies op bladsy 8
   d. Luister na die uitspraak van die woorde op bladsy 9
   e. Skommel die letters en spel die woorde vir die prentjies reg

2. **Die Seekoei-boek – bl 10-11**
   a. Lees die inligtingsblokkie hardop
   b. Lees die vrae oor 'n seekoei en soek die antwoorde
   c. Doen die uitspraakoefeninge (snelsêer) op bladsy 11
   d. Speel die speletjie met die woordwiel

## Les 9

1. **Leerdersboek – bl 16 – Koerantberig**
   a. Kyk na die titel van die koerantberig, en die foto's. Voorspel waaroor die berig gaan.
   b. Luister na die koerantberig.
      i. Maak 'n lys van al die emosies wat in die berig genoem word.
   c. Lees nou die berig self deur.
   d. Vertel wat jy gelees het
   e. Skryf in jou boek:
      i. Afkortings: Mnr. = Meneer

2. **Leerdersboek – bl 17 - Persoonlike woordeboek**
   a. Lees die woorde in vet gedruk hardop
   b. Verdeel jou bladsy in agt ewe groot blokke
   c. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
   d. Skryf die woorde in alfabetiese volgorde neer
   e. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
   f. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek **in groen** neer
   g. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
   h. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

## Les 10

1. **Leerdersboek – bl 17 – Formele Assesseringstaak**
   a. Neem deel aan 'n gesprek
      i. Gesels oor eie ervarings
      ii. Luister- en praatvermoë, begrip, en vermoë om te redeneer of dit reg was dat Daniël die geld teruggegee het word uit 10 geassesseer

2. **Leerdersboek – bl 18-19 – Formele Assesseringstaak**
   a. Onthou, alle sinne begin met 'n hoofletter.
   b. Stelsinne eindig met 'n punt.
   c. Beantwoord die vrae skriftelik asof dit 'n toets is.

## Les 11

1. **Leerdersboek – bl 19**
    a. Mondelingse oefening: Dink Krities
    b. Luister na die rympies
    c. Leer die rympies uit jou kop
    d. Voer die rympies op
    e. Beantwoord die vrae mondelings
    f. Onthou: Woorde aan die einde van 'n sin kan afgebreek word. Die woord word in lettergrepe opgebreek.

2. **Leerdersboek – bl 20**
    a. Voltooi die blokkiesraaisel mondelings
    b. Soek en lees 'n koerantberig hardop
        i. Vertel wat jy gelees het
        ii. Sê hoe jy oor die berig voel
    c. Bespreek:
        i. Wat kan 'n mens alles in koerante lees?
        ii. Lees jy al die koerant?

## Les 12

1. **Leerdersboek – bl 21 – Formele Assesseringstaak**
    a. Lees die briefie wat Daniël Marumo vir Emile geskryf het vir jouself
        i. Berei dit voor sodat jy self kan besluit waar jy harder of sagter gaan lees, waar jy stadiger of vinniger gaan lees, waar jy gaan pouseer en opkyk.
        ii. Uitspraak en vlotheid word formeel geassesseer.

    b. Lees nou die briefie hardop vir assessering voor

    c. Bespreek:
        i. Wat is die boodskap van die briefie?

## Les 13

1. **Leerdersboek – bl 21 – Taal in konteks**
    a. Skryf in jou boek:
        i. Gebruik die korrekte leestekens om die woorde reg te spel

2. **Leerdersboek – bl 22-23 – 'n Brief**
    a. Lees weer die brief wat Emile vir Daniël geskryf het.
        i. Let mooi op na die vorm van die brief, wanneer hoofletters gebruik word, en die gebruik van paragrawe
    b. Skryf nou 'n brief aan 'n maat om dankie te sê vir iets wat hy/sy vir jou gedoen het (80-100 woorde)
    c. Lees weer deur jou brief en maak foute reg.
    d. Skryf jou briefie netjies oor op mooi papier.

## Les 14

1. **Leerdersboek – bl 23**
    a. Sê die alfabet hardop
    b. Lees die grappie en sê wat snaaks is
    c. Beantwoord die vrae mondelings
    d. Rangskik die woorde alfabeties

2. **Leerdersboek – bl 24 – Pret met taal**
    a. Doen eers die oefening mondelings
    b. Skryf in jou boek:
        i. Voornaamwoorde (A & B)
        ii. Idiome
        iii. Voorsetsels (D)

## Les 15

1. **Leerdersboek – bl 26 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die gedig
        i. Luisterbegrip en terugvoering word formeel geassesseer uit 14

    b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 27 – 'n Plakkaat**
    a. Kyk na die plakkaat en lees alles hardop
        i. Skenk aandag aan die uitleg, lettertipe en kleur

    b. Ontwerp nou jou eie plakkaat
        i. Skenk aandag aan die lettertipe en opskrif (dit moet aandag trek)
        ii. Plak 'n foto in, en gebruik kleur penne om die plakkaat aanskoulik te maak

# Les 16

1. **Leerdersboek – bl 28 - Soeklees**
    a. Lees die woorde en definisies, en kyk na die prente
    b. Beantwoord die soeklees vrae

2. **Leerdersboek – bl 29 – Formele Assesseringstaak**
    a. Beantwoord die vrae skriftelik asof jy toets skryf.

3. **Hersiening:**
    a. **Lydende vorm:**

    **Voorbeeld:** Ons koop **die koerant**
    **Antwoord:** Die koerant **word deur** ons **gekoop**

    i. Ons lees **die koerantberig.**
    ii. Daniël kry **die beursie.**
    iii. Daniël skryf **sy adres.**
    iv. Emile lees **die briefie.**
    v. Emile bel vir **Daniël.**
    vi. Emile gee vir Daniël **'n beloning.**

    b. **Sinonieme – Gee die sinonieme van die woorde tussen hakkies:**
    i. Emile Nel, die skoolseun was baie (ongelukkig) toe hy sy beursie verloor het.
    ii. Die taxibestuurder, Daniël Marais, het die beursie (gevind) en wou dit (dadelik) teruggee.
    iii. Daniël het die geld uit die beursie gehaal, want hy was (bang) iemand sou die geld steel.
    iv. Toe Emile die leë beursie met die briefie daarin kry, het hy dadelik vir Daniël (gebel).

    c. **Lettergrepe – Verdeel die woorde in lettergrepe:**
    Onthou: as jy 'n woord aan die einde van 'n reël wil afkap, moet jy dit tussen lettergrepe doen!

    i. vergeet
    ii. beursie
    iii. taxibestuurder
    iv. skoolseun
    v. winkel

## Les 17

1. **Die Seekoei-boek – bl 12-15**
    a. Lees die woorde vir die prentjies hardop

    b. Lees die opsomming hardop en gee die woord vir die prentjies

    c. Lees die titel op bl13, en kyk na die prentjies
        i. Raai wat in die storie gaan gebeur

    d. Luister nou na deel 1 van die storie

    e. Praat: Voorspel wat verder gebeur (Maak sommer jou eie storie op!

    f. Lees deur die voorbeeld op bladsy 15 oor hoe 'n mens meer vlot en vloeiend kan lees

    g. Lees nou deel 2 hardop (meer vloeiend)

    h. Bespreek die les wat uit die storie geleer kan word

    i. Beantwoord die begripsvrae op bladsy 17 eers mondelings, dan skriftelik

    j. Skryf in jou boek:
        i. Idiome
        ii. Sinonieme
        iii. Antonieme

## Les 18

1. **Leerdersboek – bl 30-31**
    a. Wys na die diere terwyl jy die woorde hardop lees

    b. Bespreek:
        i. Wat is die nut van plaasdiere? (beantwoord die vrae)

    c. Voltooi die paragraaf met die regte telwoorde en meervoude

    d. Teken jou eie plaas

## Les 19

1. **Leerdersboek – bl 32-34**
    a. Kyk na die titel en die prentjies, en voorspel wat in die sprokie gaan gebeur

    b. Luister na die sprokie

    c. Lees nou self deur die sprokie
        i. Lees die bokkies se woorde met 'n **ligte stem**, en die reus se woorde met 'n **diep stem**.

    d. Bespreek:
        i. Het jy van die sprokie gehou? Gee redes.
        ii. Hervertel nou die sprokie.

    e. Skryf in jou boek:
        i. Antonieme
        ii. Die meervoud van *brug*

    f. Leer hoe om vraagsinne in stelsinne te verander

2. **Leerdersboek – bl 35**
    a. Beantwoord die vrae mondelings
    b. Teken 'n prentjie van die storie
    c. Skryf die sinne (D) onder jou prentjie neer en vul die regte woorde in om die storie op te som

## Les 20

1. **Leerdersboek – bl 36 – Formele Assesseringstaak**
    a. Lees die dagboekinskrywing hardop saam

    b. Skryf nou jou eie dagboekinskrywing
        i. Skryf drie paragrawe (50-60 woorde)

2. **Leerdersboek – bl 37-39 – Pret met taal**
    a. Beantwoord die vrae eers mondelings

    b. Skryf in jou boek:
        i. Afleiding en samestelling (C)
        ii. Meervoude en verkleinwoorde (E & F)

## Les 21

1. **Leerdersboek – bl 39 - Rympies**
    a. Lees die rympies hardop met gevoel
    b. Voer die rympies op

2. **Leerdersboek – bl 40 – 'n Drama**
    a. Kies die karakters wie se woorde jy wil lees
    b. Lees nou die drama
    c. Bespreek:
        i. Het jy van die drama gehou? Gee redes.
        ii. Van watter karakter het jy die meeste gehou? Hoekom?

3. **Leerdersboek – bl 42 – Pret met taal**
    a. Beantwoord die vrae eers mondelings en dan skriftelik
    b. Skryf in jou boek:
        i. Afkortings (C)
        ii. Verkortings (C)
        iii. Idiome (D)

## Les 22

1. **Leerdersboek – bl 43 – Wat ken jy nou?**
    a. Doen die hersieningsoefening skriftelik

2. **Meervoude en verkleinwoorde:**
    a. Skryf in jou boek: meervoude en verkleinwoorde
        i. bok
        ii. donkie
        iii. eend
        iv. hoender
        v. koei

3. **Voegwoorde: *want* en *omdat***
    a. Want en omdat beteken albei *because* in Engels.
        i. As twee sinne met want verbind word, verander die woordorde van die twee sinne NIE.
        ii. Jy skryf net 'n komma voor die woord want.
        iii. As twee sinne met omdat verbind word, verander die woordorde van die twee sinne – die werkwoord skuif na die einde van die sin.

    b. Verbind die sinne eers met want en dan met omdat:
        i. Hulle wil oorkant die rivier gaan wei. Die gras is groen en sappig. (want, omdat)
        ii. Die bokkies is bang. Die reus gaan hulle vang. (want, omdat)
        iii. Die reus is lus vir lekker bokvleis. Hy is honger. (want, omdat)
        iv. Groot Bok stamp die reus in die rivier. Hy is baie sterk. (want, omdat)
        v. Groot Bok lag en lag. Hy is baie bly. (want, omdat)

## Les 23

1. **Die Seekoei-boek – bl 18-19**
    a. Kyk na die foto's en sê wat jy sien

    b. Lees die fotobyskrifte hardop en pas dit by die foto's

2. **Die Seekoei-boek – bl 20**
    a. Lees die feite oor seekoeie
    b. Skryf in jou boek:
        i. Intensiewe vorme (warm)
        ii. Getalle (120cm)
    c. Lees die woorde hardop, let op na jou uitspraak

3. **Die Seekoei-boek – bl 21**
    a. Skryf in jou boek:
        i. Trappe van vergelyking
        ii. Samestellings

## Les 24

1. **Leerdersboek – bl 44-45 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die instruksies
        i. Wys na die prentjies wat by die instruksies pas.
        ii. Luistervermoë word formeel geassesseer uit 6

2. **Leerdersboek – bl 46 – Pret met taal**
    a. Lees die enkelvoudige sinne
    b. Lees die rympie hardop
    c. Lees die bevelsinne hardop

## Les 25

1. **Leerdersboek – bl 47 – Skryftyd**
    a. Skryf die paragraaf oor, skryf die woorde vir die prentjies
    b. Teken 'n groot boom by jou paragraaf

2. **Bespreek die nut van bome**

## Les 26

1. **Leerdersboek – bl 48-49 – 'n Fabel**
    a. Kyk na die titel en prente, en raai waaroor die fabel gaan
    b. Luister na die fabel
    c. Wat is die les wat ons uit die fabel leer?
    d. Het jy van die fabel gehou? Gee redes.
    e. Hervertel die fabel

2. **Leerdersboek – bl 50 – 'n Kopkaart en 'n opsomming**
    a. Lees die kopkaart oor die fabel
    b. Teken die kopkaart oor
    c. Rangskik die sinne in die regte volgorde (C)

3. **Leerdersboek – bl 51**
    a. Beantwoord die vrae mondelings – Hoe good verstaan jy die fabel?

## Les 27

1. **Leerdersboek – bl 51 – 'n Definisie en 'n plakkaat**
    a. Lees die inligting en voltooi die definisie

    b. Skryf in jou boek:
        i. Idiome (C)

    c. Maak 'n plakkaat (B)
        i. Pers blare

## Les 28

1. **Leerdersboek – bl 52-53 – Pret met taal**
    a. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 53 – Pret met taal**
    a. Beantwoord die vrae mondelings
    b. Skryf in jou boek:
        i. Leestekens (reën, hoer)
        ii. Trappe van vergelyking

3. **Leerdersboek – bl 53 – Skryftyd: 'n Kalender**
    a. Maak 'n plakkaat van jou verjaarsdag maand
    b. Plak prente van wat jy graag op elke dag van die maand sal wil doen (bv. pizza vir 'n pizzadag of ete, ens.)

## Les 29

1. **Leerdersboek – bl 54 – Gedigte**
   a. Lees die twee gedigte hardop saam
   b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 55 – Wat ken jy nou?**
   a. Beantwoord die vrae as 'n toets

## Les 30

1. **Verlede tyd en Toekomende tyd**
   In die verlede tyd moet ons **het** en **ge-** gebruik.
   In die toekomende tyd gebruik ons **sal**.

   a. **Voltooi die sinne soos in die voorbeeld:**

   **Voorbeeld:** Vandag **spit** ons 'n gat in die grond. (Gister, Môre)
   Gister het ons 'n gat in die grond gespit.
   Môre sal ons 'n gat in die grond spit.

   i. Vandag gooi ons kompos in die gat. (Gister, Môre)
   ii. Vandag plant hulle die boom. (Gister, Môre)
   iii. Vandag gooi hulle die grond terug. (Gister, Môre)
   iv. Vandag maak hulle die boom nat. (Gister, Môre)

2. **Enkelvoudige en saamgestelde sinne**
   a. 'n Enkelvoudige sin het een werkwoord:

| onderwerp | gesegde (werkwoord) | voorwerp |
|---|---|---|
| Ek | maak | 'n gat. |
| Ek | plant | 'n boom. |

   b. 'n Saamgestelde sin het twee werkwoorde

| | gesegde (ww) | | gesegde (ww) | |
|---|---|---|---|---|
| Ek | maak | 'n gat en | plant | 'n boom. |

   c. Skryf jou eie saamgestelde sinne neer.

3. **Afleidings**
   Afleidings is woorde wat bestaan uit 'n voorvoegsel, stam en agtervoegsel.

   **Voorbeeld:** gebreekte
   ge (voorvoegsel) + breek (stam) + te (agtervoegsel)

   d. Skryf jou eie afleidings neer.

## Les 31

1. **Die Seekoei-boek – bl 22**
    a. Lees die gediggie hardop

    b. Bespreek:
        i. Wat doen die spreker elke dag van die week?
        ii. Wat doen jy op daardie dae?

    c. Skryf 'n paragraaf oor wat jy op daardie dae doen.

2. **Die Seekoei-boek – bl 23**
    a. Luister na die maande van die jaar.

    b. Skryf die maande in alfabetiese volgorde

    c. Beantwoord die vrae mondelings

## Les 32

1. **Die Seekoei-boek – bl 27**
    a. Luister na die gedig
    b. Lees nou die gedig self hardop
    c. Luister na die liedjie en sing dit saam
    d. Soek al die rymwoorde in die gedig en in die liedjie

2. **Die Seekoei-boek – bl 28-29 – 'n Sprokie**
    a. Lees die sprokie saam deur
    b. Hoe goed verstaan jy die sprokie? (mondelings)

3. **Die Seekoei-boek – bl 29 – Persoonlike Woordeboek**
    a. Verdeel jou bladsy in agt ewe groot blokke
    b. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
    c. Skryf die woorde in alfabetiese volgorde neer:
        i. kwaai, padgee, skelm, vrede
    d. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is
    e. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek in groen neer
    f. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

## Les 33

1. **Die Seekoei-boek – bl30-31**
    a. Kyk na die prentjies op die plakkaat en sê wat jy daarop sien
    b. Lees die woorde hardop
    c. Beantwoord die vrae mondelings
    d. Gesels oor kossoorte van verskillende kulture
    e. Maak jou eie plakkaat van kos
        i. Maak 'n collage – daar moenie spasie tussen die prentjies oop wees nie
        ii. Maak gebruik van baie prentjies
        iii. Maak seker jy skryf die name van die kossoorte by

## Les 34

1. **Leerdersboek – bl 56 – Wat is 'n boelie?**
    a. Werk deur die oefeninge (mondelings)

3. **Leerdersboek – bl 57**
    a. Luister na die gedig
    b. Beantwoord die vrae eers mondelings
    c. Lees nou die rympie hardop

4. **Leerdersboek – bl 58**
    a. Lees die strokiesprent hardop
    b. Dramatiseer die strokiesprent

5. **Leerdersboek – bl 59 – Formele Assesseringstaak**
    a. Doen A, B, D en E skriftelik
        i. Dit word formeel geassesseer

    b. Bespreek C
        i. Dit vorm nie deel van die assessering nie

## Les 35

1. **Leerdersboek – bl 61**
    a. Luister na die gedig
    b. Lees nou self die gedig
    c. Beantwoord die vrae by *Hoe goed verstaan jy die gedig* as 'n toets
        i. Jou begrip word formeel geassesseer uit 10

2. **Leerdersboek – bl 61 - Diktee**
    a. Luister na die sin en skryf dit neer.
    b. Gaan nou deur jou sin en maak enige foute reg
    c. Skryf nou die sin foutloos oor

## Les 36

1. **Leerdersboek – bl 62 – 'n Gedig**
    a. Luister na die gedig en tel hoeveel keer jy die woord **boelie** hoor.
    b. Lees nou die gedig self hardop

2. **Skryf in jou boek:**
    a. Voltooi die trappe van vergelyking van die volgende woorde:
        i. mooi
        ii. droog
        iii. kort
        iv. lank
        v. hoog
        vi. groot
        vii. klein
        viii. bitter
        ix. goed
        x. gelukkig

## Les 37

1. **Leerdersboek – bl 63 – Praat- en leestyd**
    a. Werk mondelings deur die oefening

2. **Leerdersboek – bl 63 – Formele Assesseringstaak**
    a. Skryf twee paragrawe oor iemand van wie jy nie hou nie:
        i. In paragraaf 1, beskryf die persoon se **uiterlike** – hoe hy/sy lyk, en watter klere hulle dra
        ii. In paragraaf 2, beskryf die persoon se **innerlike** – hoe die persoon is. Jy kan hier ook sê hoekom jy nie van die persoon hou nie.
        iii. Volg die instruksies in jou Leerdersboek
        iv. Jou eerste weergawe word formeel geassesseer uit 20
        v. Redigeer nou jou paragrawe en skryf dit foutloos en netjies oor
        vi. Jou finale weergawe word formeel geassesseer uit 10

## Les 38

1. **Leerdersboek – bl 65 – Wat ken jy nou?**
    a. Doen die oefening as 'n toets

# Les 39

1. **Woordorde**
   Wanneer ‘n sin met ‘n byword of bywoordelike frase begin, volg die werkwoord direk na die bywoord of bywoordelike frase.

   Voorbeeld: ‘n Mens kry **soms** boelies by die skool
   Antwoord: **Soms kry** ‘n mens boelies by die skool
   (Dis verkeerd om te sê: **Soms** ‘n mens kry boelies by die skool)

   a. Skryf die sinne oor deur met die woorde in vet druk te begin
      i. Die boelie bring **elke dag** ‘n slang skool toe.
      ii. Ons sal hom **hierdie keer** ‘n les leer.
      iii. Henk leer **gou** vir Ben ‘n les.
      iv. Die boelie gee **dadelik** die bal terug.

2. **Dubbele ontkenning**
   a. Beantwoord die sinne met **Nee (ontkenning)**
      i. Het jy ‘n bal?
      ii. Het iemand vir jou ‘n slang gegee?
      iii. Het jy ooit aan ‘n slang gevat?
      iv. Het jy iets in jou hand?

# Les 40

1. **Die Seekoei-boek – bl 40-41 – ‘n Koerantberig**
   a. Volg die instruksies in die Seekoei-boek

2. **Die Seekoei-boek – bl 42-43**
   a. Luister na die inligting oor toerisme en gesels daaroor
   b. Lees die woordeboekinskrywings en doen die oefening

## Les 41

1. **Leerdersboek – bl 66**
   a. Kyk na die prentjies en sê aan watter sportsoort elke kind deelneem

2. **Leerdersboek – bl 67**
   a. Skryf 'n paragraaf oor jouself

3. **Leerdersboek – bl 67 – Formele Assesseringstaak**
   a. Berei 'n praatjie oor jou sportheld voor
      i. Hierdie praatjie word formeel geassesseer uit 5

## Les 42

1. **Leerdersboek – bl 68 – 'n Rympie**
   a. Luister na die rympie
   b. Lees nou die rympie hardop
   c. Voer die rympie op
   d. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 68 – Taalspeletjie**

## Les 43

1. **Leerdersboek – bl 69 – Pret met taal**
   a. Doen die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 44

1. **Leerdersboek – bl 70**
   a. Luister na die storie
   b. Voltooi die storie oor Tina mondelings
   c. Bespreek of jy gesond of ongesond leef

2. **Leerdersboek – bl 71**
   a. Idiome
      Elke taal het sy eie idiome. Dit is vaste uitdrukkings met 'n figuurlike betekenis.

   b. Skryf in jou boek: idiome
      i. Skryf die letterlike en figuurlike betekenisse by
      ii. Teken 'n prentjie daarby om die te illustreer

## Les 45

1. **Leerdersboek – bl 71-74**
    a. Lees die woordeskat en betekenisse hardop
    b. Lees die titel op bladsy 72 en kyk na die prente. Voorspel wat in die storie gaan gebeur
    c. Lees die storie hardop
    d. Hervertel nou die storie
    e. Bespreek: Wie was eerste en wie was tweede in die pretdraf?

2. **Skryf in jou boek (bl 74):**
    a. Samestellings (pretdraf / huiswerk)
    b. Afleidings (gereël / gestop)

3. **Leerdersboek – bl 75-76 - Hoe goed verstaan jy die storie?**
    a. Beantwoord die vrae mondelings

## Les 46

1. **Leerdersboek – bl 74 – Formele Assesseringstaak**
    a. Lees 'n storie op jou eie
    b. Vertel die storie oor, en praat oor enige prentjies
        i. Jou insig en begrip oor die karakters, plek en gebeure word geassesseer uit 10
        ii. Jy moet ook sê of jy van die storie gehou het of nie, en jy moet redes gee

## Les 47

1. **Leerdersboek – bl 76 – Pret met taal**
    a. Lees en bespreek die oefening

2. **Skryf in jou boek:**
    a. Teenoorgesteldes
    b. Leestekens (reël / geëet / reën / oë / sê / hê / lê)
    c. Afkortings (Mnr.)

3. **Leerdersboek – bl 77**
    a. Voltooi die paragraaf en teken 'n prentjie by

4. **Leerdersboek – bl 77 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die oefening mondelings

# Les 48

**1. Hulpwerkwoorde**

a. Hulpwerkwoorde neem die plek van die werkwoord in 'n sin, en die werkwoord skuif na die einde van die sin.

**Voorbeeld:** Haas **kyk** nooit televisie nie (**sal**)
**Antwoord:** Haas **sal** nooit televisie **kyk** nie

b. Skryf die sinne oor met **hulpwerkwoorde:**

i. Tina kyk elke dag televisie (wil)
ii. Haas oefen elke dag (moet)
iii. Tina oefen nooit nie (sal)
iv. Haas eet net groente (wil)
v. Tina eet elke dag sjokolade (kan)

**2. Verlede tyd**

a. Die hulpwerkwoord **het** neem die plek van die werkwoord in die sin. Ons skryf **ge-** voor die **werkwoord** en skuif dit dan saam, as een woord, na die einde van die sin.

**Voorbeeld:** Haas **leef** in die natuur (**het**)
**Antwoord:** Haas **het** in die natuur **geleef.**

b. Skryf die sinne oor asof dit lank gelede gebeur het (**verlede tyd**):

i. Tina kyk elke dag televisie. (het)
ii. Haas oefen elke dag. (het)
iii. Tina oefen nooit nie. (het)
iv. Haas eet net groente. (het)
v. Tina eet elke dag sjokolade. (het)

**3. Skryf in jou boek: Afkortings**

a. antw. - antwoord
b. vm. - voor middag
c. nm. - na middag
d. bl. - bladsy
e. km - kilometer

## Les 49

1. **Leerdersboek – bl 78-9**
    a. Luister na die woorde
    b. Spreek die woorde nou self uit
    c. Sê waar die diere is (bv. Die luiperd is in die boom, op 'n tak)
    d. Bespreek:
        i. Wat is die mens se verantwoordelikheid teenoor diere?

2. **Leerdersboek – bl 80 – Pret met taal**
    a. Werk mondelings deur die oefening
    b. Skryf in jou boek:
        i. Idiome (teken 'n prentjie by vir die letterlike en figuurlike betekenisse)
        ii. Afkortings

## Les 50

1. **Leerdersboek – bl 80**
    a. Luister na die inligting oor leeus
    b. Beantwoord die vrae mondelings en dan skriftelik

2. **Leerdersboek – bl 81**
    a. Luister na die rympie
    b. Leer die rympie uit jou kop
    c. Dra nou die rympie voor
        i. Let op jou inlewing en gesigspel

3. **Leerdersboek – bl 82**
    a. Luister na die gedig en beantwoord die vrae mondelings
    b. Skryf 'n gedig oor 'n leeu
        i. Skryf die gedig oor en vul die regte woorde in
        ii. Teken jou eie leeu
        iii. Skryf byskrifte by vir jou leeu se maanhare, tande, pote en oë

## Les 51

1. **Leerdersboek – bl 83 - Taalspeletjie**

2. **Leerdersboek – bl 83 – Pret met taal**
    a. Werk mondelings deur die oefening

3. **Leerdersboek – bl 84-86 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die Afrika-storie
    b. Lees nou die storie self
    c. Beantwoord die vrae as 'n toets (bl 86)
        i. Dit word formeel geassesseer uit 20

## Les 52

1. **Leerdersboek – bl 87**
   a. Verlede tyd
      i. Die verlede tyd dui op gebeurtenisse wat reeds plaasgevind het
      ii. **Is** word **was** in die verlede tyd
      iii. **Ge-** word voor aan die hulpwerkwoord geplaas om verlede tyd aan te dui

   b. Toekomende tyd
      i. Die toekomende tyd dui op gebeurtenisse wat nog (in die toekoms) moet plaasvind
      ii. **Sal** word as hulpwerkwoord gebruik in die toekomende tyd

   c. Doen die oefening mondelings (Pret met taal)

2. **Leerdersboek – bl 87 – Formele Assesseringstaak**
   a. Maak 'n plakkaat
      i. Kies een van die wilde diere op bladsy 78 om 'n plakkaat oor te maak en 'n paragraaf oor te skryf.
      ii. Beplan eers jou plakkaat se inhoud en doen navorsing
      iii. Skryf oor dié dier: wat hy eet, waar hy woon en hoe hy lyk (Jou paragraaf moet 50-60 woorde bevat)
      iv. Redigeer jou paragraaf en skryf dit netjies oor
      v. Onthou om 'n prent van jou dier in te sluit
      vi. Skryf byskrifte by
      vii. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 20

## Les 53

1. **Trappe van vergelyking**
   a. Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies:
      i. 'n Leeu is (groot), (sterk) en (gevaarlik) as 'n bok.
      ii. Vleis is vir 'n leeu (lekker) as groente)
      iii. 'n Leeu brul (hard) as enige ander dier in die bos.
      iv. Haas is (slim) as Leeu in die storie.

2. **Leerdersboek – bl 88 – Pret met taal**
   a. Voltooi die oefening op jou eie
   b. Skryf die sin, let op jou spelling (D – Diktee)

## Les 54

1. **Leerdersboek – bl 88 – Formele Assesseringstaak**
   a. Beantwoord die vrae onder *Wat ken jy nou*? as 'n toets.

## Les 55

1. **Leerdersboek – bl 90-91**
   a. Luister na Tammy se vertelling

   b. Beantwoord die vrae mondelings

   c. Onthou! Eiename word met ‘n hoofletter gespel.

   d. Voltooi die verslag en brief mondelings

   e. Die vorm van ‘n informele brief:
      i. Geen punktuasie word in die formaat gebruik nie
      ii. Geen spasies word tussen die reëls oopgelaat nie
      iii. Jou eie adres word bo-aan die regterkant van die bladsy in blokvorm geskryf
      iv. Die straatnaam word met ‘n hoofletter geskryf
      v. Die (huis) nommer staan na die straatnaam
      vi. Direk daaronder volg die area of buurt se naam
      vii. Dan volg die kodenommer
      viii. Die datum is heel laaste
      ix. Laat daarna ‘n reel oop en begin met die aanhef: Liewe… / Beste …
      x. Die afsluiting kan die volgende wees:

         Groete
         Laat ‘n reël oop en skryf dan jou naam

         OF

         Jou vriend – geen punktuasie nie
         Jou naam direk hieronder

   f. Skryf ‘n briefie aan iemand om dankie te sê vir iets wat hulle vir jou gedoen het.

## Les 56

1. **Leerdersboek – bl 92**
   a. Doen die oefening eers mondelings en dan skriftelik

2. **Leerdersboek – bl 92 – Formele Assesseringstaak**
   a. Vertel van ‘n keer wat jy iets vergeet het of verloor het
      i. Uitspraak, begrip en jou vertelling word geassesseer uit 10

## Les 57

1. **Leerdersboek – bl 93-98**
    a. Luister na die woorde en hul betekenisse
        i. Dit is nodig om die nuwe woorde te ken sodat jy die storie beter kan verstaan

    b. Luister na die storie

    c. Lees nou die storie self deur

    d. Bespreek:
        i. Het jy van die storie gehou of nie? Gee redes.

    e. Persoonlike woordeboek
        i. Verdeel twee bladsye in 8 ewe groot blokke elk
        ii. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
        iii. Skryf agt van die woorde op bladsy 93 in alfabetiese volgorde neer
        iv. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
        v. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek **in groen** neer
        vi. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
        vii. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

2. **Leerdersboek – bl 99 - Hoe goed verstaan jy die storie?**
    a. Beantwoord die vrae eers mondelings en dan skriftelik

## Les 58

1. **Leerdersboek – bl 98 – Formele Assesseringstaak**
    a. Gebruik die raamwerk op bladsy 21 om 'n persoonlike brief te skryf
        i. Skryf ten minste twee paragrawe
        ii. Elke paragraaf moet 50-60 woorde lank wees
        iii. Laat 'n reël oop tussen paragrawe
        iv. Let op jou woordeskat, spelling en punktuasie
        v. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 10

## Les 59

1. **Leerdersboek – bl 100-101**
   a. **Byvoeglike naamwoorde**
      i. Beskryf iets
      ii. Gee meer inligting oor die selfstandige naamwoord

   b. **Voornaamwoorde (hy/sy)**
   Staan in die plek van ‘n naamwoord om onnodige herhaling van die naamwoord uit te skakel

   Indien die byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord staan, verbuig dit en in die meeste gevalle kry die byvoeglike naamwoord ‘n **–e**.

   **Pasop!** Daar is uitsonderings, bv. goed – goeie; sleg – slegte

   Die werkwoord skuif na die einde van ‘n sin as daar ‘n hulpwerkwoord soos **wil**, **sal** en **kan** in die sin is, bv. Ek **wil** ‘n boek **skryf.**

   c. **Werk deur die oefening (mondelings)**

2. **Skryf in jou boek:**
   a. Idiome (C)
   b. Versamelname (E)

## Les 60

1. **Leerdersboek – bl 102 – Diktee**
   a. Luister na die sin en skryf dit neer
   b. Vergelyk nou jou sin met die sin in die Leerdersboek
   c. Maak enige foute reg

2. **Leerdersboek – bl 102 – Selflees**
   a. Lees enige storie

   b. Som die storie op
      i. Skryf ten minste 150 woorde
      ii. Skryf ten minste vyf paragrawe

# Les 61

1. **Leerdersboek – bl 102**
   a. Skryf in jou boek:
      i. Meervoude (A)
      ii. Samestellings (B)

2. **Leerdersboek – bl 103**
   a. Doen die oefening mondelings en dan skriftelik

3. **Voornaamwoorde**
   a. Gebruik 'n **voornaamwoord** in die plek van die vetgedrukte selfstandige naamwoorde:
      i. **Die seun** speel elke dag rugby.
      ii. **Die meisie** bad elke aand.
      iii. **Die kinders** hou van fliek.
      iv. Die hond spring oor **die vrou** se voet.
      v. **Die trein** loop op 'n spoor.

4. **Kies die regte woord:**
   a. Die polisieman het onverwags (opgedaag/opgedraai).
   b. 'n Mens moet (jou/sy) bes doen as jy die span wil haal.
   c. Sy skaam (haar/sy) as sy voor mense moet praat.
   d. Die seun sal (hom/sy) sportklere self was.
   e. (Hoe/Die) harder jy werk, (hoe/die) beter sal jy presteer.

# Les 62

1. **Die Seekoei-boek – bl 44**
   a. Wys na die plekke op die kaart en lees die woorde hardop
   b. Beduie die pad (Sien *Praat*)

2. **Die Seekoei-boek – bl45-47**
   a. Lees die advertensie oor Soweto en beantwoord die vrae mondelings
   b. Lees die instruksies en volg die pad deur Soweto

3. **Leerdersboek – bl 104**
   **a. Kaarte**
      i. Plekname en straatname van elke dorp of stad word op 'n kaart aangedui.
      ii. Onthou! Straatname word met 'n hoofletter geskryf!

   b. Luister na die name en wys na die plek

4. **Leerdersboek – bl 105 – Beduie die pad op 'n kaart**
   a. Maak seker jy oefen ook hoe om te vra en nie net te antwoord nie!

## Les 63

1. **Leerdersboek – bl 105 – Wie werk waar?**
    a. Voltooi die enkelvoudige sinne mondelings

2. **Leerdersboek – bl 105 – Teken jou eie kaart**
    a. Teken 'n kaart van jou stad, dorp of winkelsentrum.
        i. Dui die name van strate, winkels en plekke (soos parke) duidelik op jou kaart aan

## Les 64

1. **Leerdersboek – bl 106-107**
    a. Lees oor die beroepe
    b. Verdeel twee bladsye in ses ewe groot blokke
    c. Skryf 'n naam van 'n beroep in elke blok
    d. Teken 'n prentjie oor die beroep (los genoeg spasie vir 'n kort sinnetjie)
    e. Skryf die sinnetjie wat by die beroep pas (bl 107) onder die prentjie wat jy geteken het

## Les 65

1. **Leerdersboek – bl 109**
    a. Doen die oefening eers mondelings

2. **Leerdersboek – bl 110**
    a. Doen die blokraaisel mondelings
    b. Sê die snelsêer

3. **Leerdersboek – bl 111 – Vraelys oor beroepe**
    a. Doen die oefening mondelings

4. **Leerdersboek – bl 107**
    a. Skryf 'n paragraaf
        i. Skryf 50-60 woorde of 12 sinne

    b. Maak 'n plakkaat oor die soort werk wat jy eendag sal wil doen
        i. Onthou om eers op rof te werk en jou werk te redigeer voor jy dit netjies oorskryf

# Les 66

1. **Leerdersboek – bl 111-113**
   a. Luister na die koerantberig oor entrepreneurs

   b. Bespreek: weet jy wat 'n homofoon is?
      i. Dit is woorde wat dieselfde klink, maar wat verskillend geskryf word en het verskillende betekenisse (soos **graad** en **graat**)

   c. Slaan die woord **entrepreneur** in 'n woordeboek na en skryf die betekenis in jou persoonlike woordeboek neer

   d. Werk deur die oefening (mondelings)

   e. Voltooi die Woordspeletjie mondelings

   f. Skryf in jou boek:
      i. Idiome – Geld soos bossies
      ii. Leestekens (D)

# Les 67

**1. Formele Assesseringstaak - Onvoorbereide hardop lees**

a. Kyk deur die leesstuk wat volg
b. Besluit waar jy harder of sagter, vinnniger of stadiger gaan lees, en waar jy wil pouseer en opkyk
c. Uitspraak en vlotheid word formeel geassesseer uit 10
d. Vertel nou wat in die storie gebeur het

**Die posbode**
**Deel 1**

Hy tel die klip op en draai dit om en om in sy hand. Dit het 'n eienaardige fatsoen. Van toe af sien hy gereeld interessante klippe raak. Hy begin om hulle langs sy roete in hope op te staple. In die nag karwei hy dit met 'n kruiwa huis toe.
Eintlik begin die storie 'n paar jaar tevore, die jaar wat Ferdinand Cheval as posbode begin werk het. Sy lang, stowwerige roete deur die Franse platteland slinger 30 kilometer ver van dorpie na dorpie. Hy hou hom met dagdrome besig en in sy kop bou hy 'n fantasiepaleis. Hoe verder hy stap, hoe meer toweragtig word hierdie paleis van sy drome. Hy stel hom wonderskone tuine voor, met sprankelende fonteine, mosbegroeide grotte en imposante torings wat hoog bo manjifieke standbeelde uittroon. Twaalf jaar lank dwaal hy in sy gedagtes in hierdie fantasiepaleis rond. Maar dit bly 'n lugkasteel. Totdat Cheval in April 1879 oor daardie klip struikel. (158 woorde)

**Deel 2**

Twaalf jaar lank dwaal hy in sy gedagtes in hierdie fantasiepaleis rond. Maar dit bly 'n lugkasteel. Totdat Cheval in April 1879 oor daardie klip struikel.
Die volgende 33 jaar maak Cheval steeds klippe bymekaar, terwyl hy in sy agterplaas aan sy paleis begin bou. Eers is daar net 'n waterval en 'n paar sementdiere. Dan volg nog 'n waterval en 'n grot. En toe trek hy weg. Daar is indrukwekkende standbeelde van geheimsinnige gode en godinne. Daar is sinistere stalagtiete en tonnels en baie hoë en nou wenteltrappe wat na hoë torings lei. Die noordekant wemel van olifante, voëls, bere, krokodille, leeus en kronkelende slange en drake.
Toe hierdie wonderbaarlike fantasiepaleis uiteindelik klaar is, is dit amper vier verdiepings hoog en 26 meter lank. Talle besoekers stroom van heinde en verre soontoe, en wonder saam met ons: hoekom was dit vir die Franse posbode so belangrik om sy dagdroom te verwesenlik? (152 woorde)

## Les 68

1. **Leerdersboek – bl 113 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die hersieningsoefening skriftelik

2. **Hulpwerkwoorde**
    a. Skryf die sinne oor deur die hulpwerkwoord tussen hakies te gebruik:
        i. Die man bou huise. (wil)
        ii. Ons praat oor sport. (kan)
        iii. Julle dink dit is pret. (moet)
        iv. Ons kyk hoe hard ons kan leer. (sal)
        v. Die kinders leer vir die eksamen. (gaan)

    b. Gee elke keer die regte vorm van die woord tussen hakies:
        i. Paul is die (goed) speler van die twee, maar hy is nie (goed) as Sue nie.
        ii. Lisa is 'n (bederf) brokkie, want sy is die (jonk) kind in die gesin.
        iii. Al die (kind) gaan (na/by) dieselfde skool.
        iv. Dit lyk asof al die (seun) op Sue verlief is, want sy is 'n (aantreklik) en (gaaf) meisie.
        v. Sy is nie (ongeskik) nie, maar .... (gee die teenoorgestelde).

## Les 69

1. **Leerdersboek – bl 114-115 – Lees en praattyd**
    a. Kyk na die prent en sê watter kinders watter geluide maak
    b. Kyk hoeveel ander geluide jy kan maak

2. **Leerdersboek – bl 115 – Pret met taal**
    a. Skryf die idiome in jou boek

## Les 70

1. **Leerdersboek – bl 116-117 – 'n Brief**
    a. Luister na die brief – let op na die vorm van 'n brief

    b. Beantwoord die vrae mondelings

    c. Skryf jou eie brief
        i. Die inhoud moet 80-100 woorde lank wees
        ii. Skryf jou inhoud in 4 paragrawe

## Les 71

1. **Leerdersboek – bl 117-119 – Pret met taal**
    a. Doen die oefening mondelings en dan skriftelik

## Les 72

1. **Leerdersboek – bl 119 – Praat en skryf**
    a. Teken prentjies van geluide wat raas
    b. Skryf 'n paragraaf oor 'n geluid wat raas
        i. Hoe het dit geklink?
        ii. Waarom het dit gebeur?

## Les 73

1. **Leerdersboek – bl 120 – Luister- en leestyd**
    a. Lees die teks hardop
    b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Persoonlike woordeboek**
    a. Verdeel jou bladsy in 8 ewe groot blokke
    b. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
    c. Skryf 8 woorde in alfabetiese volgorde neer
    d. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
    e. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek in groen neer
    f. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
    g. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

## Les 74

1. **Leerdersboek – bl 121 - Gedigte**
    a. Luister na die gedigte
    b. Lees nou die gedigte self hardop
        i. Jy kan geluide byvoeg en jou gevoel uitbeeld
    c. Beantwoord die vrae mondelings

## Les 75

1. **Leerdersboek – bl 121 – Dagboekinskrywing**
    a. Skryf jou eie dagboek:
        i. Begin met *Liewe Dagboek*
        ii. Onthou om die gebeure in die korrekte volgorde te vertel
        iii. Skryf ongeveer 50-60 woorde
        iv. Onthou: 'n dagboekinskrywing is 'n persoonlike belewenis en word uit jou eie perspektief geskryf
        v. Let op die grammatika, verbindingswoorde, spelling, punktuasie en spasies tussen paragrawe
        vi. Gebruik die prosesse van 'n dinksentrum, eerste konsep, hersien, redigeer en finale weergawe om sodoende 'n netjiese, leesbare werkstuk te skep

## Les 76

1. **Leerdersboek – bl 122 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

2. **Leerdersboek – bl 122 – Formele Assesseringstaak**
    a. Lees 'n storie op jou eie deur en hervertel dit dan
    b. Praat oor die titel, die skrywers, die hoofkarakters en die gebeure in die storie
    c. Praat oor jou gevoelens oor die storie
        i. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 10

## Les 77

1. **Leerdersboek – bl 123 – Formele Assesseringstaak**
    a. Voltooi die oefening as 'n toets

# Les 78

1. **Voornaamwoorde**
   a. Gee die voornaamwoord vir elk van die vetgedrukte woorde. Skryf die hele sin neer:
      i. Ansie het 'n fiets. Dit is **Ansie** se fiets. Die fiets is **Ansie s'n.**
      ii. Pet het 'n pen. Dit is **Piet** se pen. Die pen is **Piet s'n.**
      iii. Die kinders het boeke. Dit is die **kinders** se boeke. Die boeke is **die kinders s'n**.
      iv. Ons het 'n huis. Die huis is ….
      v. Jy het 'n kat. Dit is … kat. Die kat is …

2. **Skryf 'n storie of gedig** oor 'n geluid wat jou gelukkig maak of waarvan jy baie hou.
   a. Gebruik toepaslike taal
   b. Let op jou spelling
   c. Gebruik soveel moontlik nuwe woorde wat jy in die lesreeks geleer het
   d. Maak gebruik van alliterasie en klanknabootsing
   e. Gebruik baie beskrywende woorde

# Les 79

1. **Leerdersboek – bl 124 – Rommel**
   a. Kyk na die prent en sê wat mense alles weggooi
   b. Maak 'n lys van al die rommel wat jy sien
   c. Bespreek die vrae

2. **Leerdersboek – bl 125**
   a. Bespreek rommelstrooi
   b. Bespreek gevaarlike rommel en herwinbare rommel
   c. Bespreek: Waar lê rommel gewoonlik rond? Hoe ontsier dit die omgewing?
   d. Bespreek: Hoe kan rommelstrooiery voorkom word?

3. **Leerdersboek – bl 126 – Pret met taal**
   a. Voltooi die oefening mondelings
   b. Skryf in jou boek:
      i. Meervoude en verkleiningsvorme (Skryf al die woorde onder A & B as meervoude *en* verkleiningsvorme)

## Les 80

1. **Leerdersboek – bl 127**
    a. Sing 'n liedjie oor rommel
    b. Werk mondelings deur die oefening

2. **Leerdersboek – bl 128-129**
    a. Bespreek wat is reg en wat is verkeerd in die twee huise
    b. Beantwoord die vrae mondelings

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Antonieme (bl 129)

4. **Persoonlike woordeboek**
    a. Verdeel jou bladsy in 6 ewe groot blokke
    b. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
    c. Skryf die woorde in alfabetiese volgorde neer: dak, slaapkamer, badkamer, sitkamer, kombuis, tuin
    d. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
    e. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek in groen neer
    f. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
        i. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

## Les 81

1. **Leerdersboek – bl 130**
    a. Lees die opsomming van wat Vincent Verkeerd en Ronnie Reg in hul huise doen.
    b. Bepaal wat die hoofpunte is
    c. Lees die byskrifte
    d. Voltooi die tabel met die inligting

2. **Leerdersboek – bl 131**
    a. Voegwoorde
        i. Voegwoorde word gebruik om sinne te verbind
        ii. Die volgorde van die woorde ná *omdat* verander en die werkwoord skuif altyd na die einde van die sin
        iii. Die sinne word dan saamgestelde sinne
    b. Doen die oefening mondelings

3. **Leerdersboek – bl 131 – Kinders moenie met die water mors nie**
    **a. Leer 'n nuwe liedjie**

    **b. Moenie en asseblief**
        i. Wanneer moenie en asseblief saam in 'n sin gebruik word, verdeel *moenie:* Bv. *Moenie water mors nie*, word *Moet asseblief nie water mors nie*

## Les 82

1. **Skryf in jou boek:**
    a. Idioom (bl 131 – Geld in die water gooi)

2. **Leerdersboek – bl 132 – Diktee**
    a. Luister na die sin en skryf dit neer
    b. Vergelyk jou sin met die een in die Leerdersboek
    c. Maak enige foute reg

3. **Leerdersboek – bl 133 – Gedig**
    a. Luister na die gedig
    b. Lees nou die gedig self hardop met gevoel
    c. Maak 'n lys van die rommel wat in die gedig genoem word

4. **Leerdersboek – bl 134 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die gedig
    b. Voer die gedig op
    c. Beantwoord nou die vrae oor die gedig as 'n toets
        i. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 10

## Les 83

1. **Leerdersboek – bl 134-135 – Formele Assesseringstaak (Wat ken jy nou?)**
    a. Beantwoord die vrae as 'n toets
        i. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 20

## Les 84

1. **Voegwoorde**
    a. Verbind die sinne eers met **omdat**, en dan met **want:**
        i. Hy gaan slaap. Hy is moeg.
        ii. Sy gesels baie. Sy is gelukkig.
        iii. Die kinders speel. Dit is vakansie.
        iv. Die oom is kwaai. Die kinders is stout.

2. **Die Seekoei-boek – bl 50**
    a. Bespreek Kaapstad
    b. Lees nou die inligtingsteks hardop en beantwoord die vrae mondelings

3. **Die Seekoei-boek – bl 56**
    a. Bespreek Tafelberg
    b. Lees die inligting oor hoe om Tafelberg te bewaar hardop
    c. Voltooi die blokraaisel

# Les 85

1. **Leerdersboek – bl 136**
    a. Luister na die titels en kyk na die prente van die gedigte, en bespreek dit

2. **Leerdersboek – bl 137 - Praattyd**
    a. Beantwoord die vrae mondelings

3. **Leerdersboek – bl 138 – Die legende van koning Midas**
    a. Kyk na die prente by die storie en voorspel waaroor dit gaan
    b. Luister nou na die legende
    c. Verdeel jou bladsy in 8 ewe groot bloke
    d. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
    e. Skryf die agt vetgedrukte woorde in die legende van koning Midas in alfabetiese volgorde (een woord in elke blok)
    f. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
    g. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek in groen neer
    h. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
    i. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

# Les 86

1. **Leerdersboek – bl 140 – Formele Assesseringstaak**
    a. Voorbereide hardoplees
        i. Berei 'n gedeelte van die legende van koning Midas voor en lees dit hardop
        ii. Besluit self waar jy harder of sagter, vinniger of stadiger gaan lees, of waar jy wil pouseer en opkyk
        iii. Uitspraak en vlotheid word formeel geassesseer uit 10

2. **Leerdersboek – bl 141 – Formele Assesseringstaak**
    a. Bespreek die legende van koning Midas
        i. Jou praatvermoë word formeel geassesseer uit 15

# Les 87

1. **Leerdersboek – bl 141 – Diktee**
    a. Luister na die sin en skryf dit as diktee neer

2. **Leerdersboek – bl 141-142 – Pret met taal**
    a. Werk mondelings deur die oefeninge
    b. Skryf in jou boek:
        i. Homonieme (teken prentjies by) (A)
        ii. Samestellings, afleidings (C)

## Les 88

1. **Leerdersboek – bl 143 – Formele Assesseringstaak**
    a. Voltooi die oefening skriftelik
        i. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 10

## Les 89

1. **Leerdersboek – bl 144 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

## Les 90

1. **Leerdersboek – bl 145 – Formele Assesseringstaak**
    a. Skryf 'n storie of legende
        i. Gebruik die raam in jou LB as riglyn vir jou skryfwerk
        ii. Maak jou foute self reg
        iii. Skryf nou jou storie netjies oor
        iv. Skryf ten minste 150 woorde in vyf paragrawe
        v. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 20

## Les 91

1. **Leerdersboek – bl 146 – Gedigte**
    a. Voltooi die opdragte mondelings

2. **Leerdersboek – bl 146 – Pret met taal**
    a. Skryf in jou boek:
        i. Manlike / vroulike vorm (A)
        ii. Meervoude / verkleiningsvorme (B)

## Les 92

1. **Leerdersboek – bl 147 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die oefening skriftelik as ‘n toets

## Les 93

1. **Skryf in jou boek:**
    **a. Antonieme -** Gee die antonieme (teenoorgesteldes) vir die vetgedrukte woorde:
        i. Die kat is **vet.**
        ii. Sy hande is **vuil.**
        iii. Die klip is **swaar.**
        iv. Die mes is **skerp.**
        v. Die kind is **siek.**

    **b. Sinonieme -** Gee die sinonieme (woorde wat dieselfde beteken) vir die vetgedrukte woorde:
        i. My **ma** is goed vir my.
        ii. Die **predikant** het mooi gepreek.
        iii. Hy **hinder** my baie.
        iv. Ek voel vandag **eensaam.**
        v. Die hond het **amper** verdrink.

## Les 94

1. **Leerdersboek – bl 148 - Praattyd**
    a. Kyk na die prente en bespreek wat gebeur

2. **Leerdersboek – bl 149 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die bevelsinne
        i. ‘n Bevelsin begin met ‘n werkwoord en eindig met ‘n punt (.) of ‘n uitroepteken (!)

    b. Kyk na die prent
    c. Skryf jou eie instruksies in die regte volgorde neer
        i. Jy kan prentjies by teken
        ii. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 15

## Les 95

1. **Leerdersboek – bl 150**
    a. Luister na die inhoudsopgawe
    b. Bespreek: Wat is 'n inhoudsopgawe?
    c. Bespreek: Kyk na die kossoorte. Wat kan jy identifiseer?

2. **Leerdersboek – bl 151 – Soeklees / Dinkvrae**
    a. Beantwoord die vrae eers mondelings

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Afkortings (bl – bladsy)

4. **Leerdersboek – bl 151 – Formele Assesseringstaak**
    a. Voltooi die kopkaart – identifiseer ten minste 3 hoofpunte
        i. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 10

## Les 96

1. **Leerdersboek – bl 152 – Pret met taal**
    **a. Voornaamwoorde**
        i. 'n Voornaamwoord word in die plek van eiename en naamwoorde gebruik om onnodige herhaling te voorkom

    **b. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik**

## Les 97

1. **Leerdersboek – bl 153**
    a. Kyk na die prent. Kan jy sien dat dit bestanddele vir 'n kaasburger is?
    b. Vertel hoe jy 'n kaasburger sal maak

2. **Leerdersboek – bl 153 – Pret met taal**
    a. **Homofone** is woorde wat dieselfde klink, maar wat verskillend gespel word en verskillende betekenisse het.
    b. Werk mondelings deur die oefening

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Homofone

4. **Beskryf jou kaasburger**
    a. Skryf twee of drie paragrawe oor jou kaasburger

## Les 98

1. **Leerdersboek – bl 154 – Pret met taal**
    a. Doen die oefening mondelings

2. **Skryf in jou boek:**
    a. Idiome

3. **Leerdersboek – bl 155 – Pret met taal**
    a. Doen die oefeninge mondelings

4. **Voornaamwoorde**
    a. Kies die regte voornaamwoord vir die woorde tussen hakies:
        i. Die klip (op wat/waarop) jy sit is hard.
        ii. Die seun (wat/wie) daar loop is my broer.
        iii. Die hond (wat/wie) daar loop is myne.
        iv. Van (wat/watter) skoene hou jy die meeste?
        v. (Wat/wie) sing so mooi?
        vi. Aan (wie/wat) skryf jy die brief?
        vii. (Wie se/Wat se) fiets is dit?
        viii. (Onder wat/Waaronder) lê die hond?

## Les 99

1. **Leerdersboek – bl 156 – Gedig (skryf en praat)**
    a. Skryf die raam oor en voltooi dit
    b. Dra nou jou gedig voor met die regte gesigspel en inlewing

2. **Leerdersboek – bl 156 – Gedig (leestyd)**
    a. Luister na die gedig
    b. Lees die gedig hardop met gevoel voor
    c. Skryf die pare rymwoorde neer
    d. Voer die gedig op

## Les 100

1. **Leerdersboek – bl 157 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die oefening skriftelik op jou eie

## Les 101

1. **Die Seekoei-boek – bl 52-53**
    a. Kyk na die illustrasies en sê wat jy alles daarop sien
    b. Bespreek: Waaroor dink jy gaan die gedigte?
    c. Luister na die gedigte
    d. Beantwoord die vrae oor die gedigte
    e. Skryf jou eie gediggie oor die weer

2. **Die Seekoei-boek – bl 54**
    a. Lees die grappie
    b. Vertaal in Afrikaans en Engels
    c. Soek die woorde
    d. Skryf in jou boek:
        i. Idiome

## Les 102

1. **Leerdersboek – bl 158 – 'n Toneelstuk**
    a. Kyk na die titel*Beste maats maak nie so nie!*
    b. Dit is 'n aanduiding van die inhoud
    c. Dit skep afwagting
    d. Luister na die toneelstuk

2. **Leerdersboek – bl 160 – Formele Assesseringstaak**
    a. Hoe goed verstaan jy die toneelstuk?
    b. Voltooi die oefening skriftelik
    c. Jou begripsvermoë word formeel geassesseer uit 15

## Les 103

1. **Leerdersboek – bl 160 - Praattyd**

2. **Leerdersboek – bl 160 – Formele Assesseringstaak**
    a. Kies watter rolle jy wil vertolk
    b. Onthou: Die verteller mag direk met die gehoor praat
    c. Voer die toneelstuk op
        i. Toon jou innerlike en uiterlike gevoelens met stemme, gebare en liggaamstaal
        ii. Jy moet hard en duidelik praat
    d. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 15

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Afkortings: mej. – mejuffrou

## Les 104

1. **Leerdersboek – bl 161-162 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

## Les 105

1. **Leerdersboek – bl 162 – 'n Gedig**
    a. Lees die gedig hardop
    b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 163 – Formele Assesseringstaak**
    a. Skryf jou eie toneelstuk van 150 woorde
        i. Gebruik die volgende woorde as riglyne:
            a. Wie? *Karakters*
            b. Wat? *Wat is die storie en wat is die probleem*
            c. Waar? *Waar speel die drama af?*
            d. Wanneer? *Dui tyd aan*
            e. Hoe? *Dui die slot of ontknoping aan*
        ii. Gebruik 'n dubbelpunt na 'n karakter se naam
        iii. Let op na punktuasie (kommas/punte), spelling en woordeskat
        iv. Redigeer nou jou toneelstuk
        v. Skryf jou toneelstuk netjies oor
        vi. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 30

## Les 106

1. **Leerdersboek – bl 165 – 'n Gedig**
    a. Luister na die gedig
    b. Lees nou die gedig self hardop en met gevoel voor
    c. Skryf die pare rymwoorde neer

2. **Leerdersboek – bl 165 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening mondelings

3. **Leerdersboek – bl 166 – Pret met taal**
    a. Bespreek: Kan jy onthou wat 'n idioom is?
        i. 'n Idioom is 'n spreekwoord, 'n vaste idiomatiese uitdrukking met 'n bepaalde betekenis

    b. Doen die oefening mondelings

    c. Skryf in jou boek:
        i. Idiome

## Les 107

1. **Leerdersboek – bl 167 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

## Les 108

1. **Verlede en toekomende tyd:**
    a. Skryf die sinne eers in die verlede tyd, en dan in die toekomende tyd:
        i. Ek speel vandag tennis.
        ii. Hy slaap op sy bed.
        iii. Die kinders kyk sport.
        iv. In die oggend bak die tannie koek.
        v. Die oom speel elke dag gholf.

2. **Woordorde en verlede tyd:**
    a. Skryf die sinne oor soos aangedui:
        i. Die twee meisies hou 'n middernagpartytjie.
        **Verlede nag ...**

        ii. Hulle gesels tot laat in die nag.
        **Daardie nag ...**

        iii. Petri begin haar hare met groot krullers indraai.
        **Gister ...**

        iv. Nou drink hulle eers koeldrank.
        **Later die nag ...**

        v. John rek hom uit wanneer hy wakker word.
        **Daardie more ...**

## Les 109

1. **Leerdersboek – bl 168**
    a. Kyk na die prent en bespreek die vrae

2. **Leerdersboek – bl 169**
    a. Lees die storie en beantwoord die vrae mondelings

3. **Leerdersboek – bl 169 – Gediggies (pretlees)**
    a. Lees die gediggies 'n paar keer deur totdat jy dit vlot kan lees
    b. Lees een van die gediggies hardop en met gevoel voor

4. **Skryf in jou boek:**
    a. Idioom (Dat die stof so staan)

## Les 110

1. **Leerdersboek – bl 170 – Vertel 'n storie**
    a. Vertel van 'n snaakse ding wat al met jou gebeur het
        i. Let op die riglyne in die Leerdersboek en volg die stappe

2. **Leerdersboek – bl 170 – Skryf 'n storie**
    a. Skryf jou eie storie van 50-60 woorde (12-16 sinne)
        i. Gebruik die raam in die leerderboek as riglyn
        ii. Gebruik die vrae in die leerderboek om jou skryfstuk te evalueer
        iii. Redigeer jou skryfstuk
        iv. Skryf jou storie netjies oor

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Lettergrepe: sto-rie / ver-haal

## Les 111

1. **Leerdersboek – bl 171 - Raaisels**
    a. Lees die raaisels en pas dit by die regte prente

2. **Leerdersboek – bl 171 – Pret met taal**
    a. Doen die oefening eers mondelings

3. **Skryf in jou boek:**
    a. Leestekens (vlieë)
    b. Verkortings (daar's)
    c. Samestellings (windpomp)
    d. Meervoude en verkleiningsvorme (A)
    e. Teenoorgesteldes (C)

4. **Skryf die paragraaf in die verlede tyd (E & F)**

## Les 112

1. **Leerdersboek – bl 174 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister na die brief
    b. Lees nou self die brief
    c. Beantwoord die vrae skriftelik
        i. Jou leesbegrip van die lees van 'n brief word formeel geassesseer uit 8

## Les 113

1. **Leerdersboek – bl 175 – Lees 'n strokie**
   a. Kyk deur die strokie
   b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 175 – Teken jou eie strokiesprent**

## Les 114

1. **Leerdersboek – bl 176 – Praattyd (klop-klop grappies)**

2. **Leerdersboek – bl 176 – Formele Assesseringstaak**
   a. Lees jou eie storie en hervertel dit
      i. Hierdie taak word formeel geassesseer uit 10

3. **Leerdersboek – bl 176 – Rymwoorde**
   a. Skryf die pare rymwoorde neer

## Les 115

1. **Leerdersboek – bl 177 – Wat ken jy nou?**
   a. Doen die oefening as 'n toets

# Les 116

1. **Spelling**
    a. Kies elke keer die regte woord tussen hakies:
        i. Die kinders lag (hard/hart).
        ii. Sy het ‘n (skeer/skeur) in haar rok.
        iii. Die (diere/dure) slaap in die kraal.
        iv. Ons (haal/hael) die trein op pad skool toe.
        v. Die vlag het mooi helder (klere/kleure).
        vi. Sy is (oudste/ouer) as my suster.
        vii. Die seun is in die (drie/derde) span.
        viii. Hy speel met die bal. Die bal is (syne/hare).

2. **Ontkennende vorm**
    a. Skryf die sinne in die ontkennende vorm:
        i. Jy moet briefies in die klas skryf.
        Nee, …

        ii. Jy moet asseblief harder praat.
        Nee, …

        iii. Almal mag in die klas praat.
        Nee, …

3. **Voornaamwoorde**
    a. Vul die korrekte voornaamwoorde in:
        i. Die onderwyser vererg … vir die stout seuns.
        ii. ‘n Mens moet … bes doen as … wil slaag.
        iii. Hulle het die boeke gekoop, dus is dit … .

4. **Langer sinne**
    a. Maak die volgende sinne langer deur te sê wanneer, wat of hoe, waar of waarheen:
        i. Die kinders lees …
        ii. Hulle ry …
        iii. Dennis skryf …

# Les 117

1. **Leerdersboek – bl 178-181 - Tydskrifartikel**
    a. Kyk na die fotos en die titel
    b. Voorspel waaroor die artikel gaan
    c. Lees die artikel hardop saam
    d. Luister nou weer na die artikel
        i. Maak ‘n lys van die taal, gelowe, spesiale feeste, kos en klere van die verskillende kinders

## Les 118

1. **Leerdersboek – bl 181 – 'n Kalender**
    a. Bespreek die kalender

2. **Leerdersboek – bl 182**
    a. Lees weer die vyf stories van die kinders op bladsy 178-181.
    b. Vul die regte inligting op die regte plek in die tabel in

3. Skryf in jou boek:
    a. Afkortings (Sept)

## Les 119

1. **Leerdersboek – bl 182 – Groetvorme**
    a. Lees die groetvorme in die tale van ons land.

2. **Leerdersboek – bl 183 – Formele Assesseringstaak**
    a. Bespreek die verskillende kulture in jou Leerderboek
    b. Jou vermoë om oor jou eie kultuur te praat word formeel geassesseer uit 10

## Les 120

1. **Leerdersboek – bl 183 – Formele Assesseringstaak**
    a. Skryf 3 paragrawe oor jou eie kultuur (150 woorde)
    b. Die doel van die kopkaart is om 'n opsomming visueel voor te stel.
        i. Dit bestaan uit 'n middelpunt met die naam van jou kultuur
        ii. Die sirkel/blokkies wat met 'n lyn aan die middelpunt verbind is, gee jou voorkeure ten opsigte van kos en feeste, taal en liedjies, asook klere op spesiale dae.
    c. Redigeer jou werkstuk
    d. Skryf jou werkstuk netjies oor
    e. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 15

## Les 121

1. **Leerdersboek – bl 184-185 – Pret met taal**
    a. Werk mondelings deur die oefening
    b. Lees nou self die woorde hardop
    c. Voltooi B-E skriftelik
    d. Skryf diktee (F) as speltoets
        i. Onthou om jou spelling en gebruik van leestekens na te gaan

## Les 122

1. **Leerdersboek – bl 186 – 'n Tradisionele liedjie**
   a. Luister na die tradisionele liedjie
      i. Dit is 'n tradisionele Afrikaanse liedjie en was gesing as 'n volkspele liedjie
   b. Sing nou die liedjie saam

2. **Leerdersboek – bl 186 – Pret met taal**
   a. Werk mondelings deur die oefening

## Les 123

1. **Leerdersboek – bl 184**
   a. Persoonlike woordeboek
      i. Verdeel twee bladsye in 8 ewe groot blokke elk
      ii. Nommer die blokke in die linker boonste hoek, en trek 'n sirkel om die nommer
      iii. Skryf agt van die woorde by nommer B in alfabetiese volgorde neer
      iv. Teken 'n prentjie by elke woord wat verduidelik wat die woord is (los genoeg spasie langsaan vir die betekenis, en onderaan vir 'n sin)
      v. Skryf die vertaling van die woord in die boonste regterhoek in groen neer
      vi. Skryf die regte betekenis langs die prentjie neer
      vii. Skryf nou 'n sin onderaan wat die nuwe woord gebruik

## Les 124

1. **Leerdersboek – bl 187**
   a. Berei 'n praatjie voor
      i. Samel inligting in omtrent 'n kultuurgroep waarmee jy kan identifiseer
      ii. Die doel van die kopkaart is sodat jy jou praatjie reg kan beplan en goed kan voorberei
      iii. Die praatjie moet 130-150 woorde bevat

## Les 125

1. **Leerdersboek – bl 188 – Taalspeletjies**

2. **Leerdersboek – bl 188 – Wat ken jy nou?**
   a. Voltooi die oefening mondelings

3. **Skryf in jou boek:**
   a. Meervoude (A)

## Les 126

1. **Punktuasie**
    a. Skryf die volgende sinne met die korrekte leestekens en hoofletters oor:
        i. ons hou in desember vakansie by die see
        ii. ja ek mag gaan want my werk is klaar
        iii. die man het vir santie gehelp om op die swaai te klim
        iv. wie loop daar
        v. kyk hy steel haar handsak

2. **Redigering**
    a. Skryf die volgende paragraaf oor en maak al die foute reg:
        i. Die nuwe meisie sue is in graad 6 en sy is twaalf jaar oud sy kom van gauteng af sy het ‘n broer en ‘n suster haar pa is ‘n dokter en haar ma is ‘n onderwyseres hulle bly in ‘n woonstel haar gunstelingvak is geskiedenis en haar gunstelingsport is tennis hulle gaan nie weg vir die vakansie nie hulle bly tuis

## Les 127

1. **Leerdersboek – bl 190-192 – ‘n Sprokie**
    a. Luister na die sprokie uit Afrika

2. **Leerdersboek – bl 193 – Formele Assesseringstaak**
    a. Luister weer na die storie
    b. Hervertel nou die storie
        i. Jou vermoë om na ‘n storie te luister, daaroor te kan praat en die storie oor te vertel word formeel geassesseer uit 5

## Les 128

1. **Leerdersboek – bl 193 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

2. **Leerdersboek – bl 193 – Selflees**
    a. Lees enige sprokie of boekresensie en vertel wat jy gelees het

## Les 129

1. **Leerdersboek – bl 194 – Hoe goed verstaan jy die sprokie?**
   a. Voltooi die oefening mondelings

2. **Leerdersboek – bl 195 – Formele Assessering**
   a. 'n Resensie is 'n kritiese beoordeling van 'n storie, 'n boek, musiek of 'n film.
   b. Gebruik die raam om jou eie resensie te skryf
   c. Jou skryfstuk moet uit ten minste 150 woorde bestaan (of 5 paragrawe)
   d. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 20

## Les 130

1. **Leerdersboek – bl 195 – Pret met taal**
   a. Doen die oefening eers mondelings en dan skriftelik

2. **Leerdersboek – bl 196 – 'n Gedig**
   a. Lees die gedig saam hardop
   b. Bespreek die sentrale idee (hoofgedagte/tema) van die gedig
   c. Identifiseer die volgende:
      i. Rymwoorde
      ii. Vergelykings
      iii. Volgorde van die gebeure
   d. Let op:
      i. Die sinne eindig nie aan die einde van die versreëls nie
      ii. Enjambement is waar sinne aaneen vloei en oorloop van die een versreël na 'n ander
   e. Beantwoord nou die vrae

## Les 131

1. **Leerdersboek – bl 197**
   a. Lees die kort storie en die definisie van 'n monster
   b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 197 – Formele Assesseringstaak**
   a. Kyk weer mooi na die vorm van die brief op bladsy 116
      i. Let op waar jou adres, die datum, die aanhef en die slot geskryf moet word

   b. Skryf nou jou eie brief
      i. Die totale aantal woorde van jou brief moet 80-100 wees
      ii. Hierdie brief word formeel geassesseer uit 15

## Les 132

1. **Leerdersboek – bl 198 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 133

1. **Leerdersboek – bl 199 – Wat ken jy nou?**
    a. Voltooi die oefening skriftelik

## Les 134

1. **Lydende vorm**
    a. Skryf die volgende sinne oor soos aangedui:
        i. Jan wen die wedstryd.
        Die wedstryd ...

        ii. Thandi het die naelloop gewen.
        Die naelloop ...

        iii. Thabo sal die hoogspring wen.
        Die hoogspring ...

        iv. Lisa het al die medaljes gewen.
        Al die medaljes ...

        v. Die seun sal 'n nuwe bal koop.
        'n Nuwe bal sal ...

2. **Idiome**
    a. Leer die volgende idiome en skryf dit in jou boek:
        i. Liewer bang Jan as dooie Jan
        Liewer versigtig wees as om dood te gaan

        ii. Nie 'n bang haar op jou kop te hê nie
        Nie bang wees nie

# Les 135

**1. Akronieme**

a. Akronieme word nie met punte geskryf nie en word soos woorde uitgespreek:

i. SASOL
ii. COSATU
iii. VIGS
iv. SANLAM
v. UNISA
vi. ESKOM
vii. SOWETO
viii. TELKOM

b. Skryf die akronieme in jou boek

**2. Vangplekke**

a. Skryf die volgende sinne oor soos aangedui:

i. Paul trek sy rugbytrui aan.
Gister ...

ii. Die rugbyspelers is al fiks.
Nee, ...

iii. Sy het 'n nuwe tennisraket.
Verlede kwartaal ...

iv. Hy is 'n superboelie.
In die toekoms ...

v. Paul het punte aangeteken.
Punte ...

vi. Die kinders is volgende jaar in die hoërskool.
Volgende jaar ...

vii. Hulle sit en dink aan volgende jaar.
Verlede week ...

viii. Die Graad-sesse skryf eksamen.
Eksamen ...

ix. Hulle moet eers hard leer, dan kan hulle ontspan.
Gisteraand ..

x. Die kinders sal die onderwysers bedank.
Die onderwysers ...

## Les 136

1. **Leerdersboek – bl 200-202 – 'n Koerantberig**
    a. Luister na die koerantberig

2. **Leerdersboek – bl 203 – Bespreking**
    a. Vertel van enige ander ramp waarvan jy al gelees, gehoor of self ervaar het
        i. Wanneer het die ramp plaasgevind?
        ii. Waar het dit gebeur?

3. Skryf in jou boek:
    a. Homonieme

## Les 137

1. **Leerdersboek – bl 203 – Formele Assesseringstaak**
    a. Lees die berig self deur
    b. Beantwoord nou die vrae skriftelik as 'n toets
        i. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 12

## Les 138

1. **Leerdersboek – bl 204 – 'n Koerantberig**
    a. Beantwoord die vrae mondelings
    b. Lees nou die berig hardop
        i. Fokus op korrekte uitspraak en op vlot lees
    c. Skryf jou eie koerantberig

## Les 139

1. **Leerdersboek – bl 205 – Pret met taal**
    a. Voltooi die oefening skriftelik as 'n toets

## Les 140

1. **Leerdersboek – bl 206 – ‘n Tydskrifartikel**
    a. Lees die tydskrifartikel
    b. Beantwoord die vrae mondelings

2. **Leerdersboek – bl 207 – ‘n Advertensie**
    a. Kyk na die advertensie en sê wat jy sien
    b. Lees die advertensie hardop
    c. Beantwoord die vrae mondelings

3. **Leerdersboek – bl 207 – Wat is die verskil?**
    a. Bespreek die vrae

## Les 141

1. **Leerdersboek – bl 208 – ‘n Gedig**
    a. Kyk na die titel en die prente
        i. Voorspel waaroor die gedig handel
    b. Lees nou die gedig hardop met gevoel en beweging

2. **Leerdersboek – bl 208 – ‘n Storie van hoop**
    a. Soek ‘n berig in ‘n tydskrif of koerant wat handel oor hoop, en lees dit self
    b. Vertel van die storie waarvan jy gelees het

3. **Leerdersboek – bl 208 – Maak ‘n plakkaat**
    a. Maak jou eie plakkaat van ‘n storie van hoop
        i. Gebruik verskillende lettertipes, kleure, prente en foto’s om jou plakkaat aantreklik te maak

# Les 142

1. **Leerdersboek – bl 208 – Formele Assesseringstaak**
    a. Kyk deur die leesstuk wat volg
        i. Besluit self waar jy harder of sagter, vinniger of stadiger gaan lees, en waar jy gaan pouseer en opkyk.
        ii. Jou uitspraak en vlotheid word formeel geassesseer uit 10

    b. Bespreek nou wat in die berig gebeur het

## Laerskool Klipfontein presteer

Die Laerskool Klipfontein het rede om trots te wees. Met skoolwerk en op kultuur- en sportgebied word puik prestasies gelewer.
Die Graad 7-groep wat die skool verlede jaar verlaat het, presteer baie goed in hulle nuwe hoërskole en baie onderwysers het al opgemerk dat hulle graag vir oud-Klipfonteiners skoolhou. Hulle het die atletiekbeker en die sangbeker teen agt ander laerskole verower.
Ook hulle redenaars het ander skole onder die stof gepraat en die eerste en tweede plekke verower. Die leerders is in die provinsiale jeugkoor opgeneem en die skoolkoor het die jaarlikse koorkompetisie gewen.
Louise de Wet, 'n Graad 7-leerder, het die laerskool-afdeling van die ATKV se opstelkompetisie gewen. Hulle orkes het 'n derde plek in 'n landswye kompetisie behaal. Die eerste netbalspan en o.12-rugbyspan was ligawenners, asook die krieket-, tennis- en skaakspan. Maryna Grys is as SA se o.14-enkelspel kampioen aangewys. Keven September het erekleure in karate verwerf en Martin April sal Suid-Afrika in die junior gholfkampioenskap in Italië verteenwoordig.

# Les 143

1. **Leerdersboek – bl 209 – Formele Assesseringstaak - Wat ken jy nou?**
    a. Doen die oefening as 'n toets
    b. Hierdie opdrag word formeel geassesseer uit 15

## Les 144

1. **Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies:**
    a. Bes is die (goed) … maat wat hy al ooit gehad het. Sy is nie die (fluks) … in die klas nie, maar die (slim) … .
    b. Piet is vandag (kwaad) … wat hy nog ooit in sy lewe was, terwyl die (nuuskierig) … Peet die (opgewonde) … van almal is, want hy kan gaan skinder oor sy maats.

2. **Kies die regte woord tussen hakies:**
    a. Michelle en Dave (is/was) in Kaapstad gebore. Hulle het (verlede/gelede) jaar met mekaar (vertrou/getrou) en sy weet hy sal altyd (vertrou/getrou) aan haar wees, want sy (vertrou/getrou) hom en (glo/belowe) alles wat hy sê. Hy is 'n goeie man en (hulp/help) haar met takies in die huis.

## Les 145

1. **Leerdersboek - bl 210 – Aktiwiteit 1 - Sinne**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 146

1. **Leerdersboek - bl 211 – Aktiwiteit 2 – Soorte sinne**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 147

1. **Leerdersboek - bl 212 – Aktiwiteit 3 - Hoe werk 'n sin?**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 148

1. **Leerdersboek - bl 213 – Aktiwiteit 4 – Selfstandige naamwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 149

1. **Leerdersboek - bl 214-215 – Aktiwiteit 5 - Meervoude**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 150

1. **Leerdersboek - bl 216-217 – Aktiwiteit 6 - Verkleinwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 151

1. **Leerdersboek - bl 218-219 – Aktiwiteit 7 – Byvoeglike naamwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 152

1. **Leerdersboek - bl 220 – Aktiwiteit 8 – Trappe van vergelyking**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 153

1. **Leerdersboek - bl 221 – Aktiwiteit 9 - Teenoorgesteldes**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 154

1. **Leerdersboek - bl 222-223 – Aktiwiteit 10 – Intensiewe vorme**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 155

1. **Leerdersboek - bl 224-225 – Aktiwiteit 11 - Voornaamwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 156

1. **Leerdersboek - bl 226-227 – Aktiwiteit 12 - Voorsetsels**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 157

1. **Leerdersboek - bl 228 – Aktiwiteit 13 – Ontkenning**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 158

1. **Leerdersboek - bl 229-231 – Aktiwiteit 14 – Werkwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik

## Les 159

1. **Leerdersboek - bl 232-233 – Aktiwiteit 15 – Voegwoorde**
    a. Voltooi die oefening eers mondelings en dan skriftelik